



PERSVERKLARING

OPSOMMING VAN DIE GRONDWETHOFUITSPRAAK EN IMPLIKASIES

PRETORIA – Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging (SA Jagters) neem kennis van die Grondwethof se uitspraak van 9 Oktober 2026 in *South African Hunters and Game Conservation Association v Speaker of the National Assembly and Others* (CCT 270/24). Die hof het die Vereniging se aansoek wat die proses vir insluiting van die bepaling oor diere welstand in die *National Environmental Management: Biodiversity Act* (NEMBA) betwis, van die hand gewys.

Opsomming van die Grondwethof se uitspraak

SA Jagters se hoofargument was dat die parlement die definisie van diere welstand of “animal wellbeing”, in die *National Environmental Management Laws Amendment Act 2* van 2022 verander en uitgebrei het sonder verdere openbare deelname. Die oorspronklike definisie in die konsepwetsontwerp het gefokus op lewensomstandighede wat bevorderlik is vir ’n dier se gesondheid. Die finale definisie sluit egter ook fisieke, fisiologiese, geestesgesondheid, lewensgehalte en ’n dier se vermoë om by die omgewing aan te pas, in.

Die Hof het die saak van die hand gewys omdat SA Jagters die aansoek te laat gebring het. Die Hof het ook bevind dat nie elke wysiging aan ’n wetsontwerp noodwendig ’n nuwe openbare deelnameproses vereis nie. Die aard en omvang van die verandering moet per geval beoordeel word. Volgens die Hof was die betrokke wysiging nie wesenlik van aard nie.

Dit is in teenstelling met die standpunt van die Parlement se regsvertegenwoordiger dat publieke deelname na hul mening onvoldoende was. Die regsvertegenwoordigers van sowel die parlement as die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewingsake het aangevoer dat die veranderinge betekenisvol genoeg was om die aansoek van die hand te wys. Die Hof het ook daarop gewys dat ander hofuitsprake reeds na “wellbeing” verwys het.

Die Hof het beklemtoon dat die wetsbepalings en die definisie van “wellbeing” nie outomaties uitvoerbaar is nie. Administratiewe besluite wat ingevolge hierdie definisie geneem word, kan steeds op grond van administratiefreg betwis word. Toekomstige geskille en litigasie sal waarskynlik fokus op hoe welstand, en veral spesifiek die geestesgesondheid van diere in die praktyk vertolk en toegepas moet word.

Die implikasies van die hofuitspraak

Die belangrikste implikasies is:

- Die bepalinge oor diere welstand bly van krag.
- Die Hof het nie finaal beslis of die uitgebreide definisie wetenskaplik en prakties op alle aspekte van vrylopende wild toegepas kan word nie.



- Die bepalings en die administratiewe besluite wat uit die toepassing van die definisie voortspruit, kan steeds in toekomstige regulatoriese prosesse en regsdinge betwis word.

Die praktiese implikasies van die verwerping van SA Jagters se aansoek strek veel verder as jag. Wildbestuurders en regulerende owerhede sal moontlik die geestesgesondheid, lewensgehalte en aanpasbaarheid van individuele diere in ag neem by besluite oor wildebestuur, bevolkingsbeheer, hervestiging, veeartsenykundige ingrypings en volhoubare benutting deur jag en hengel.

Toekomstige jagregulasies, jagkwotas en jagpraktyke kan aan die hand van die definisie van “wellbeing” beoordeel word. Soortgelyke oorwegings raak ook toerisme, visserye, landboupraktyke en gemeenskappe wat op natuurlike hulpbronne vir voedsel en 'n bestaan staatmaak. Permitvoorwaardes vir die bestuur en benutting van wild kan toenemend welsynsoorwegings insluit.

Daar is tans geen duidelikheid oor hoe die geestesgesondheid van wilde diere, van visse tot olifante, in bewaring en die wildlewe-ekonomie in ag geneem gaan word sonder meetbare, prakties toepasbare maatstawwe nie. Die onderskeid tussen welsyn (welfare) en welstand (wellbeing) is nie duidelik omskryf nie. Daar is ook onsekerheid oor die afbakening van verantwoordelikhede tussen die Departement van Landbou se verpligtinge oor dierewelsyn, en die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing se verpligtinge ten opsigte van dierewelstand.

Dit kan lei tot onsekerheid oor wetsnakomings onder verantwoordelike bestuurders en regulerende owerhede. Dit skep 'n risiko vir administratiewe rompslomp, uitgerekte regsgekke en vertraginge met noodsaaklike bewaringsaksies. Regulatoriese onsekerheid kan ook beleggings in private en gemeenskapsgebaseerde bewaring ontmoedig, terwyl volhoubare benutting van wild 'n belangrike rol speel in die beskerming van natuurlike habitatte, die ondersteuning van landelike ekonomieë en finansiering vir bewaring.

Waarom SA Jagters die saak aanhangig gemaak het

SA Jagters wou geensins die belangrikheid van dierewelsyn bevraagteken nie. Die Vereniging erken en ondersteun dierewelsyn uitdruklik in sy beleid. SA Jagters het die saak aanhangig gemaak omdat die Vereniging se verantwoordelikheid teenoor sy lede en die natuur die bevordering van sinvolle, prakties uitvoerbare wetgewing insluit.

SA Jagters wou verseker dat behoorlike publieke deelname die onpraktiese definisie van welstand (wellbeing) heroorweeg ter wille van sinvolle, aanpasbare en prakties uitvoerbare meganismes wat dierewelsyn bevorder en goeie omgewingsbestuur teweegbring.

Wat gebeur volgende?

Die uitspraak maak konstruktiewe samewerking by die implementering van hierdie bepalings belangriker as ooit. SA Jagters is van mening dat toekomstige regulasies en riglyne vir welstand (wellbeing) die volgende prioriteite moet aanspreek:

- duidelike, meetbare en wetenskaplik gefundeerde maatstawwe wat by verskillende spesies en ekologiese omstandighede aangepas is;
- erkenning van die realiteite van natuurbewaring, insluitend die noodsaaklikheid van aktiewe wildbestuur en volhoubare benutting;
- duidelike institusionele verantwoordelikhede en doeltreffende samewerking tussen omgewings- en landbouowerhede; en

- betekenisvolle konsultasie met belanghebbendes om praktiese uitdagings te identifiseer voordat nuwe vereistes ingestel word.

SA Jagters respekteer die Hof se uitspraak en erken dat regstappe binne 'n redelike tydperk ingestel moet word. Die Grondwethof se uitspraak is egter nie 'n oorwinning vir diereregte- en anti-jaggroepe nie. Die saak het oor die regsproses en openbare deelname gehandel, en nie oor 'n finale beslissing oor die wetenskaplike geldigheid of praktiese uitvoerbaarheid van die gewysigde definisie van welstand nie.

Die Hof was duidelik dat die bepalinge en die administratiewe besluite wat voortspruit uit die toepassing van die definisie steeds in toekomstige regulatoriese prosesse en regsaksies betwis kan word.

SA Jagters bly verbind tot konstruktiewe samewerking en wetenskaplik gefundeerde bewaring. Die Vereniging se verantwoordelikheid strek verder as die nakoming van wette. Dit gaan ook daaroor om doeltreffende wetgewing te bevorder. Die Vereniging sal voortgaan om op te tree in belang van sy lede, verantwoordelike wildbestuur en duidelike, billike en prakties uitvoerbare wetgewing wat Suid-Afrika se natuurêre erfenis beskerm.

Redaksionele navrae:

Lizanne Nel

Tel; 012 808 9300

E-posadres; lizanne@sahunt.co.za